# POLISIE EN SWERWER-SPEURDER

No. 33.
Gees van die Toordokter




GERRIE RADLOFF

'n Hoë gil weergalm skerp deur die kelder. Dit tuit in Kobus se ore. Tot sy ontsaglike verligting ruk La Verne sy kop op. Voordat Kobus nog geleentheid kry om sy blik te volg, word hy soos 'n lap 'n goeie vyf tree agtertoe in die hok gesmyt en soos blits het La Verne homself teen die ystertralies gewerp en ruk hy daaraan asof hy die massiewe stawe uit hul fondamente wil skeur.

Kobus strompel op sy knieë orent. Hy kyk by die eendstert, wat nou soos 'n besetene te kere gaan, verby, en sien Helene de Goede in die middeldeur van die twee kelders staan. Dit is sy wat gegil het en daardeur La Verne se aandag getrek het. Die vent se grusame geknor het bedaar. Sy asem hyg nou net skreeuend in sy keel.

Stofomslag. Chris du Plooy



INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. Die Spoorlose Dood ........ 3
2. Die Twee Gestaltes ........ 16
3. Die Onding dra Klere ........ 25
4. Die Spoor Verdwyn ........ 36
5. Die Olifantgeweer ........ 46
6. Geheim van die Murasies ........ 57
7. Die Ontvoering ........ 66
8. Die Ysterhok ........ 77
9. Die Steek van die Naald ........ 84

**Hoofstuk I**

## DIE SPOORLOSE DOOD

"Dit is 'n grillerige saak, Kobus," sê majoor Sonnenberg ernstig onderwyl hy na die jong sersant wat daar teen die vensterkosyn aanleun kyk. "Ek het die rekords laat naslaan maar kon geen soortgelyke gevalle opdiep nie. Ek het ook nog nooit vantevore van so iets gehoor nie. Ek moet ruiterlik erken dat dit my dronkslaan."

Kobus Roode antwoord nie dadelik nie. Hoewel hy soveel respek vir majoor Sonnenberg koester as wat 'n mens maar teenoor jou medemens kan hê, is hy nog altyd binne die speurhoof se kantoor as 'n vriend behandel. Daarom is sy borselkop nou nie deur sy polisiepet bedek nie en is sy breë skouers effens gekrom omdat sy een hand in sy broeksak rus terwyl hy ingedagte met die een been oor die ander gekruis langs die venster staan. Sy linkerhand streel sy sterk ken. Net die oë onder die reëlmatige reguit wenkbroue is wakker en die lig daarin toon sy diepe konsentrasie aan. Die majoor se woorde het sy verbeelding gaande gemaak in die beelde wat daarin opgewek word, is nie te aangenaam nie.

"Maar wil u my eerlikwaar sê dat die plaaslike sersant niks uit die spore kon agterkom nie?" vra hy uiteindelik, op sy saaklike en duidelike manier.

"Dit is wat my die meeste hinder, Kobus," antwoord die majoor dadelik. "Volgens die verslag is die enigste spoor in die omtrek dié van die 'n kaalvoet-Bantoe."

'U wil dus aan die hand doen," som Kobus die majoor se woorde vinnig op, "dat dit moontlik die handewerk van menslike wesens kan wees?"

"Dit is onbegryplik!" roep majoor Sonnenberg uit onderwyl hy 'n keer om die lessenaar stap tot hier digby Kobus Roode. "Selfs 'n leeu sal nie soveel afgryslike wonde aan sy prooi laat nadat hy hom bespring het nie. Die drie slagoffers wat tot dusver gevind is, is letterlik uitmekaargeskeur. Dit is onmoontlik om die doel van die aanvalle vas te stel. Die sadisme wat uit die verminking blyk, kan amper net uit 'n verwronge verstand kom. Ek kan my nie voorstel

dat enige dier, tensy hy heeltemal dol is, so 'n aanval sal doen bloot om sy prooi te dood nie."

Kobus trek sy skouers agteroor. Hy stoot homself van die muur af weg, draai sy rug effens en kyk by die venster uit. Hy is van middelmatige lengte en nie te geset nie, maar daar is 'n lenigheid en fierheid in sy houding wat die spierkrag van sy liggaam vertolk.

"Volgens die verslag is daar dus die drie slagoffers gevind. Die omgewing is gefynkam reeds nadat die eerste aanval plaasgevind het. Maar niks is gevind nie. Het hulle honde gebruik om die spoor te probeer volg?"

"Hulle het," verseker die speurhoof hom. "Maar soos jy weet, is die drie almal Bantoes — twee was werknemers van Louis de Goede, 'n ryk tabakboer in die Rustenburgse distrik, en die moorde is op sy plaas gepleeg; die derde was op 'n naburige plaas."

"U noem dit moord?" vra Kobus vinnig.

"Ja." Majoor Sonnenberg sug. Hy veeg met sy hand oor sy voorkop. "Dit is ál asof die hele besigheid daardie kleur aanneem, Kobus. Ek weet nie. Ek kan verkeerd wees, maar ek vermoed vuilspel. Die honde het die spore gesnuffel, maar omdat die aanvalle geeneen op afgeleë of verlate plekke plaasgevind het nie was daar te veel ander vars spore van ander plaasvolk wat selfs gedurende die vorige nag daarlangs geloop het."

"U wil dus hê dat ek persoonlik daarheen moet gaan?"

Die majoor knik. Dit is nie die eerste keer dat hy die jong sersant 'n blaaskans in sy studies gee nie. Kobus Roode het sy loopbaan as berede konstabel op polisiebuiteposte begin. As gevolg van rapporte omtrent sy vernuf en die resultate van sekere ondersoeke wat deur die hoofkantoor ontvang is, is hy uiteindelik daarheen ontbied nadat hy reeds die rang van sersant ontvang het. Hy is nog maar in die twintig en die jongste speursersant in die diens. Aan die hoofkantoor moes hy hom verdiep in navorsing en die deurblaai van ou leggers en moes hy dadelik verder studeer. Gou het sy bevelvoerende offisier agtergekom dat die jongman kriewelig word en dat hy nog maar na die buitelug en die gevoel van 'n paar teuels tussen die vingers van sy linkerhand verlang. Hiervoor het die majoor spoedig 'n oplossing gevind. Verbysterende sake soos hierdie van die drie verminkte Bantoelyke word kort-kort na die hoofkantoor verwys. Hoewel majoor Sonnenberg Kobus nie graag in sy vooruitgang wil strem nie, het hy hom nou reeds 'n paar keer die geleentheid gegee om die ondersoek waar te neem.





"U doen dit nie net omdat u voel dat my hande jeuk om die saak aan te pak nie?" vra Kobus versigtig.

"Daar is niemand anders wat ek kan stuur nie, Kobus," antwoord die speurhoof. Hy weet Kobus beskou dit as 'n eer om gekies te word om te gaan, maar aan die anderkant is daar niemand aan wie hy die saak met groter gerustheid kan toevertrou nie. Kobus het telkemale al bewys dat hy binne 'n paar dae 'n geheim sal uitsnuffel on die onderduimste komplot smoor waar die plaaslike polisie teen 'n kaal verbluffende muur te staan gekom het.

"Het u al gedink hoe die beste sal wees om te begin?" verneem Kobus beskeie, want hoewel hy die verslag deeglik deurgelees het, het die majoor langer tyd gehad om dit te bestudeer.

"Die middelpunt van hierdie bedrywighede is blykbaar Louis die Goede se plaas, Orinoco — dit is die naam van die soort tabak waaruit hy sy geld maak. Ek sal hom dadelik telegrafeer dat jy kom. Miskien moet jy maar voorlopig by hom tuisgaan. Ek sal ook die sersant — hy het twee blanke en vier nie-blanke konstabels op sy pos op Boshoek 'n klompie myle anderkant Rustenberg — in kennis stel dat jy die ondersoek oorneem. Jy kan natuurlik volle besonderhede by hom kry."

"Wanneer moet ek vertrek?"

"Sodra jy gereed is, Kobus. Ons polisiewaens sal seker nie veel werd wees in daardie bergatige wêreld nie. Jy moet maar met die trein gaan en die jeep op Boshoek gebruik."

★

Sersant Retief salueer flink en met duidelik verligting op sy gelaat skud hy Kobus se hand op die perron van die klein stasietjie op Boshoek. 'n Naturellekonstabel neem Kobus se koffer.

"Mag, sersant Roode!" roep Retief uit. "Ek is bly om jou te sien."

Kobus glimlag. Hy hou dadelik van die veertigjarige polisie offisier. Toe hy jonger was en maar kort in die diens, het hy die geluk gehad om onder so 'n man te werk, en dit het daartoe bygedra dat hy die Diensbrief gekry het.

"Ek het so gou moontlik gekom," verseker hy hom. "Majoor Sonnenberg het jou verslag maar 'n paar dae gelede ontvang."

"Ek weet." Sersant Retief kyk na die koetsdeur agter Kobus en daarna met die vensters langs. Daar is maar 'n paar mense wat op Boshoek afklim, maar van die ander reisigers klim uit om hulle litte te rek. 'n Effense frons verskyn op Retief se voorkop.

"Het jy iemand anders ook verwag?" verneem Kobus.

"Nee, maar ... maar waar is jou manskappe dan?"

"My manskappe?" Kobus lag. "Ek het alleen gekom, sersant."

"Alleen!" Retief se oë rek wyd. Daarna kruip 'n blik van teleurstelling in en hy skud sy kop stadig.

"Dit sal nie die eerste saak wees wat ek ..."

"Ek ken jou geskiedenis goed, sersant Roode," verseker Retief hom. "Ek weet dat jy al dikwels geslaag het waar talle ander misluk het. Jy is seker die bekendste sersant in die polisiemag. Maar besef jy wat hier aangaan?"

"Ek het die verslag gelees."

"Dit was onmoontlik om die volle waarheid in woorde te beskryf," sê Retief ernstig onderwyl hulle deur die stasiegeboutjie stap. "Dit is die aakligste skrikbewind waarvan ek nog ooit te hore gekom het. Die slagoffers is gruwelik ..." Hy ril en sit sy hand oor sy oë asof hy die toneel voor sy geestesoog wil verberg. "En geen enkele leidraad nie, sersant. Nie 'n enkele een nie. Ek kry die indruk dat die prooi nie bekruip en dan bespring word nie want die spore wil voorkom asof ... dit is amper asof en nou skielik sal omdraai en jou uitmekaar skeur, en daarna weer op my gemak voortstap. So min aanduiding is daar van watter oord die gevaar gekom het. Die wreedaardigste gorilla ... as daar sulke goed in hierdie streke was .... sou miskien sulke wonde kon toedien. Maar selfs dan moes





hulle uitsonderlike groot en kragtige dierasie gewees het." Hy sug. "Jy moet dit dus nie as 'n belediging beskou nie, sersant," maak hy verskoning. "Maar ek het regtig gemeen dat hoofkantoor genoegsame versterkings sou stuur."

"As ek nodig blyk .... na my voorlopige ondersoek ... kan ek jou verseker dat ek nie sal versuim om 'n hele troepemag te laat kom nie."

Sersant Retief skuif voor die stuurwiel van die jeep in en Kobus neem langs hom plaas. Sodra die naturellekonstabel agterop gespring het, trek hulle in die stowwerige straat weg, na die polisiekantoor aan die rand van die dorpie.

"Ek en my paar man het die omgewing van die plekke waar ons die ongelukkige skepsels aangetref het, tot die beste van ons vermoë gefynkam," gaan Retief voort. "Maar ons is maar 'n handjievol. Selfs vir 'n honderd man sal dit dae neem om die hange en ruigtes daar rond deur te soek."

"Tot dusver het julle eenvoudig niks raak geloop nie?"

"Niks, sersant. Ons het nie eens die spoor van die dier gevind nie. Meneer die Goede ... dit is op sy plaas waar die euwel reeds twee keer toegeslaan het ... het hulp aangebied, maar sy Bantoewerkers is doodbang en van geen nut vir ons nie. Volgens mededeling van hoofkantoor is jy blykbaar op pad na Orinoco.'

"Ek is."

"Wel, ons is tot jou diens," verseker Retief hom. "Maar vannag hoop ek darem om so 'n slag weer te slaap. Die verantwoordelikheid van die hele besigheid het vir my amper te veel geword. Die hele distrik is omgekrap. Selfs hier in Boshoek waag die mense dit saans nie ver van hul huise af nie. Sonder om my pligte in die minste te probeer ontduik erken ek openlik dat ek jou taak nie beny nie. Jy moet dus maar net sê wat jy nodig het."

"Voorlopig," antwoord Kobus dadelik. "Net 'n ryding en van die naturellekonstabels om my te vergesel. Ek verneem dat daar 'n telefoon op die plaas is."

"Ja, Meneer die Goede het my juis geskakel. Hoofkantoor was ook met hom in aanraking. Hy het gesê dat hy sal probeer om jou

te kom ontmoet. Ek het hom verwag, maar hy nog nie opgedaag nie. Daar was seker maar die een of die ander oponthoud, hoewel die plaas skaars twintig myl uit die dorp geleë is.''

''Aan die noorelike hange van die Magaliesberge, nie waar nie?''

''Ja; dit is langs die Elandsrivier.''

In die polisiestasie word Kobus aan die ander konstabels voorgestel. Almal het al vantevore van Kobus gehoor en 'n ruk lang volg daar algemene bespreking van groot sake waarby Kobus betrokke was. Een van die naturellekonstabels het koffie gemaak en nadat Kobus 'n teug daarvan gedrink het, kyk hy by die voordeur uit.

''Dit is al taamlik laat,'' merk hy op. ''Sal julle my aanraai om vannag hier oor te bly of maar deur te druk Orinoco toe? Dit lyk nie asof meneer De Goede gaan opdaag nie.''

''Dit hang van jou af, sersant. Die jeep is ongelukkig al wat ons tot jou beskikking kan stel .... behalwe natuurlik die perde wat ...''

''Perde!'' roep Kobus uit en die ander kyk verbaas na die skielike opgewondenheid in sy stem en die lig in sy oë. Vir die twee jong konstabels is Kobus nie veel minder as 'n held nie en dit is vir hulle eienaardig dat hy skielik soveel belangstel toe hulle na die rydiere verwys.

''Hier in die veld is hulle natuurlik die gerieflikste vervoer,'' sê sersant Retief.

''Dan gaan ek te perd,'' kondig Kobus aan. ''Ek sal môre vroeg te perd vertrek .... dit wil natuurlik sê as julle vir my losies kan reël vir die nag.

''Natuurlik.'' Retief versoek een van die konstabels om dit te doen en dan vir die tweede keer word hy skerp beïndruk deur Kobus se houding.

Op 'n presiese, saaklike manier begin Kobus nou omtrent die gebeure en verwikkelinge tot dusver uitvra. Alle verslae en betrokke dokumente word een na die ander voor hom gelê. Sy deeglikheid laat nie 'n enkele puntjie verlore gaan nie. 'n Halfuur later staan hy op, rek homself uit en kyk by die voordeur van die polisiestasie oor die dorpie uit. Die skaduwees trek reeds lank.





''En nou 'n lekker ete, 'n warm bad en daarna 'n goeie nagrus!'' roep hy oor sy skouer uit.

''Jy eet natuurlik by my, sersant,'' deel Retief hom mee asof hy geen argument oor die saak sal duld nie. En Kobus bedank hom hartlik.

Op daardie oomblik jaag 'n nuwe kwartton-bakkie die dorp binne. Dit mik reg op die polisiestasie af. Kobus tree op die stoepie uit en staan teen een van die veranda-pilare. Soos gewoonlik wanneer hy op 'n saak uit is, is hy in sy netjiese uniform geklee. Maar hy het sy pet binne op die tafel laat bly want hy hou daarvan om die koel aandlug op sy kop te voel.

Selfs voordat die klein vragmotor stilhou, sien hy dat 'n jongmeisie dit bestuur. Eers kan hy nie mooi uitmaak wat langs haar op die sitplek is nie, maar toe besef hy dat dit 'n massiewe wolfhond is wat met sy bek laggend oop in die pad voor hom sit en kyk. Toe die meisie die deur oopmaak en uitklim, sien hy die geweer wat teen die rusplek gestut is.

Onwillekeurig staan Kobus regop langs die pilaar. Hy het lank laas, in elk geval in Johannesburg, 'n jongdame teëgekom wat so 'n onmiddelike en sterk indruk op hom maak. Oor die algemeen is dit 'n aangename indruk. Daardie eerste oogopslag stuur 'n warm gevoel van waardering vir haar skoonheid deur hom.

Die laaste strale van die namiddagson vang haar bruin hare in 'n koperglans. Haar ligte vel is goudbruin van die son en die buitelug. Die fynbesnede gelaatstrekke is strak asof sy in 'n ernstige bui verkeer en tog selfs nou, lyk haar vol lippe en ronde ken sag en aanloklik.

Haar jong liggaam is netjies in 'n geel trui en lang broek met nou pype gepak. Net die ou, halfverslete mansbaadjie hang los oor haar skouers en is nie voor toegeknoop nie.

Sy sien Kobus raak en dit is amper asof sy wil vas steek. In 'n klein gemeenskappie soos dié van Boshoek en die omliggende plase sal almal maar natuurlik vir almal ken. Sy sal dus weet dat hy 'n vreemdeling is en heelwaarskynlik weet sy ook wie hy is want hulle verwag hom immers vandag. Sy knik egter net en spring dan ligvoet

met die twee treetjies op die stoep.

Agter Kobus het sersant Retief ook uitgekom toe hy die bakkie hoor stilhou. Hy loop haar met 'n vriendelike en uitgestrekte hand tegemoet. "Naand, Helene," groet hy hartlik. "Ek het jou vader reeds vroeeër vanmiddag verwag."

"Ek weet," antwoord sy met 'n stem fris soos 'n bergstroom. "Hy kon ongelukkig nie kom nie."

"Seker weer besig met sy eksperimente?"

Sy glimlag. Dit is vir Kobus duidelik dat haar vader een of ander soort navorsing doen en dat dié wat daarvan weet, goedig daarmee skerts.

"Miskien dit ook," antwoord sy heel opgeruimd. "Maar hulle moes vandag drie droogoonde laai en die plukkers het maar vandag laat eers klaargekry. Soos jy weet, Sersant is die hele klomp kriewelrig van vrees en moet vader maar 'n strenge oog oor hulle hou. Hy wou eers bel om te sê dat julle maar ander reëlings met die sersant en sy mense moet tref as hulle aankom, maar ek het hom uiteindelik oorgehaal om my alleen te laat kom." Sy beduie na die bakkie waaruit die groot wolf-hond geklim het en waarin die geweer staan. "Onder beskerming, natuurlik," voeg sy by. "Met Bruno by my het ek nie eintlik nog 'n geweer ook nodig nie." Bruno sit langs die voorwiel en lag na haar toe op. Dit is amper asof hy verstaan wat sy gesê het en dat hy haar wil verseker dat dit wel die waarheid is.

"Maar laat ek u bekendstel, Helene!" roep Retief uit. "Ontmoet speursersant Roode. Juffrou die Goede is die dogter van die eienaar van Orinoco." Kobus buig effens onderwyl hy haar hand skud. Hy is bewus van die rooi vlagie wat deur haar wange skiet en haar skerp blik.

"Kobus Roode?" herhaal sy sy naam. "Ek het al dikwels van jou gelees. Vader en ek was verheug toe ons hoor dat jy hierdie ... hierdie aaklige besigheid sal kom ondersoek. Niemand weet wat om daarvan te dink nie. Maar hulle sê dat jy ... dat jy ...". Sy hou op met praat. Dit wil voorkom asof nie nie eintlik bedoel het om soveel te sê nie. Tog kan hy agterkom dat dit op die punt van haar tong





was om praatjies uit die dorp aan te haal. Dis is Kobus se beurt om te bloos en sy voete ongemaklik te verskuif. Bewondering of dwepery van enige aard het hom nog altyd laat skugter voel en dit het nou geklink asof sy wil sê dat hy die man sal wees wat hierdie tergende en vreeslike geheim sal oplos.

"Ek het nie geweet dat ek my plig in sulke .... in sulke aangename geselskap sal moet uitvoer nie," sê Kobus voordat hy homself kan keer. En hy skrik vir sy eie woorde asof hy nie verwag het dat hy is staat is om sulke dinge te kan sê nie.

Sersant Retief toon deur sy optrede dat hy die skielike ongemaklikheid tussen die twee jongmense aanvoel. Hy sit sy arm om Helene se skouers asof hulle ou vriende is en roep hartlik uit: "Kom binne sodat ons sake kan bespreek. Daar is nog koffie."

Kobus volg hulle. Sy neem by die tafel plaas waar hulle vroeër gesit het en toe eers kyk Helene op.

"Sersant Retief het jou natuurlik al alles vertel, meneer Roode. Ons is dankbaar dat die mense in Johannesburg die erns van die saak besef, en dat hulle jou met versterkings gestuur het. Vader het my gevra om verskoning te vra dat hy jou nie self kon kom ontmoet nie, maar om jou te verseker dat julle almal welkom is om op die plaas tuis te gaan. Volgens wat sersant Retief gesë het, sal julle glo daar met die ondersoek begin?"

"Sersant Roode het alleen gekom," deel Retief met 'n glimlag mee want hy onthou dat hy dieselfde afleidings as sy gemaak het.

Sy swaai verbaas hom. 'n Trek van verergdheid verskyn in haar oë soos iemand wat pas verkleineer is.

"Maar besef hulle dan nie wat hier aangaan nie? Hoe kan hulle verwag dat een man ...."

"Ons is darem ook hier," val sersant Retief haar in die rede. "In elk geval, Helene," vervolg hy glimlaggend met 'n poging om haar drif te laat sak. "Jou huidige uitlatings strek nie eintlik met wat jy daar op die stoep aan sersant Roode gesê het nie."

"Ek is jammer," erken sy prontuit. "Ek bedoel dit nie so nie, meneer Roode. Maar u sal self verstaan dat ons die omvang van hierdie ... hierdie teisterende ding wat in ons smidde gekom het,